# Die dans van die Christen: Die genealogie van tyd en ruimte in 'n postmoderne samelewing[1]

**Johan Buitendag**

**Departement Dogmatiek en Christelike Etiek**

**Universiteit van Pretoria**

## Abstract

## The Christian dance: The genealogy of time and space in a postmodern society

***The point of departure of this article is the thesis that the understanding of reality is based on the concepts of time and space. In order to communicate the quintessence of postmodernism the concepts of time and space need to deconstructed. After a brief intermezzo with physics, the article emphasises that the perspectival dimension is not fixed but in flux. Dancing, which expresses movement, is an apt metaphor for conveying the multifaceted character of postmodernism. The Genesis 1 account of creation is read from this perspective and inversely, society is looked at from this Biblical viewpoint in terms of the relationships between God, man and nature. The article concludes with an insight from Jean Baudrillard that simulations are not imitations of reality, but a widespread cultural condition and not an "event" restricted to particular technology.***

## 1. INLEIDING

Ons kan die samelewing sien as 'n malende massa, miljoene individue wat elkeen sy of haar eie koers gaan en darem so effens hier en daar met 'n ander koördineer. Dit is een moontlike siening van die samelewing. Ons kan die samelewing ook sien as 'n

---

[1] Referaat (met sekere aanpassings) gelewer tydens die 43e Nasionale Kongres van die Nederduitsch Hervormde Susterverenigin in Pretoria met as tema *Christenvroue 'n postmoderne samelewing*.

gedissiplineerde leër waar elke lid presies in pas is en gehoorsaam is aan elke bevel. Dit is weer ’n ander uiterste siening van die modernisme[2]. Of ons kan die samelewing as ’n *gemoedelike dans* beskou; elkeen op sy of haar eie, maar tog ritmies en skeppend in harmonie met die res. Dit is ook hoe ek die samelewing nou wil beskryf: naastenby wat Jorge Luis Borges bedoel het met sy siening van *[t]he tango is a direct expression of something that poets have often tried to state in words.*

Hierdie dans is nóg individualisties nóg kollektief. Dit fokus nie so op die enkeling dat die res verdwyn nie en dit konsentreer ook nie so op die geheel dat die individuele lid nie saak maak nie. Dit gaan om sowel die enkeling as die groep. Ek wil hierdie dans ’n *kwantum-dans* noem, omdat dit voortdurend spontaan en totaal onvoorspelbaar ontwikkel en omdat die verhoudings onderling die wesenlike van alles uitmaak. Daar is geen choreograaf wat opdragte uitroep of bewegings voorskryf nie. Nee, die kwantumdansers is elkeen so met die geheel geïntegreer dat hulle sonder om te praat of selfs oogkontak te maak, net eenvoudig weet wat die volgende beweging is. So kan byvoorbeeld presies dieselfde beweging of ook presies die teenoorgestelde beweging gelyktydig deur verskillende dansers heeltemal intuïtief uitgevoer word – telkens sonder dat daar ooit so ooreengekom is. In die aksie van die dans, *word* ’n nuwe werklikheid dus spontaan geskep. Hierdie dans het dus ’n eie identiteit met ’n eie karakter en ’n eie persoonlikheid waarvan elke individu tegelyk produk én produsent is. Die identiteit is nie so abstrak dat dit ooit los van of sonder die dans self kan bestaan nie. Nee, dit is die *Gestalt* van gemeenskaplike aktiwiteit wat die onderlinge binding en werklikheid bewerkstellig.

Ons samelewing is vandag nie baie anders as hierdie dans nie. Dit is nie bloot net daar nie, maar *gebeur* vanweë die onderlinge betrokkenheid en gedeelde waardes van die afsonderlike lede. Dit is dus inderdaad meer as die somtotaal van die lede. Elkeen van ons leef daarin én daaruit en elkeen van ons dra ook daartoe by. ’n Samelewing is dus ’n unieke organisme van ervaring en kreatiwiteit wat individue onderling verryk en

---

[2] Postmodernisme pulweriseer *eo ipso* definisies en kategorisering (André P Brink). Hier word postmodernisme as teenoor modernisme verstaan: “[M]odernism can be described in terms of nostalgia for a lost sense of unity ... Postmodernism, too, is a response to this sense of a lack of unity. But rather than lamenting this lack, the postmodernist rejoices in it” (Sedgwick 2001:269). Ons onderskei ook tussen *eksistensiële postmodernisme*, *avantgardistiese postmodernisme*, *poststrukturalistiese postmodernisme* en *estetiese postmodernisme* (Scheepers 1998:19-20).

natuurlik ook gebruik. Potensialiteit word voortdurend sinvol in werklikheid omskep. Elkeen is soos wat sy of hy is vanweë die ander, of om die bekende uitdrukking te gebruik: *die mens is 'n mens deur mense*. En ek haas my om by te voeg, *binne 'n bepaalde nis*.

Die tese waarvan vertrek word, is dat tyd en ruimte as die primêre boustene van 'n werklikheidsverstaan funksioneer en ten einde die postmoderniteit enigsins te kan kommunikeer, is dit nodig om tyd en ruimte te dekonstrueer en die genealogie daarvan na te vors. En omdat die perspektiwiese vertrekpunt in verstaan altyd bepalend is, maar tegelyk ook self vlietend is, word hierdie onderneming metafories aanpak.

## 2. TYD EN RUIMTE

### 2.1 Intermezzo van die fisika

Die metafoor van dans vir die samelewing leun op 'n bepaalde interpretasie van die werklikheid, naamlik die van die kwantumfisika. Die kwantum-fisika se beskrywing van die werklikheid kan nie net as 'n model in die menswetenskappe aangewend word nie, maar die werklikheid *is* juis ook so. Dit is dus nie bloot 'n taalspel nie, maar 'n besondere verstaan van die syn (Zohar & Marshall 1993:82; Omnès 1999:216; Polkinghorne 1998:31). Dit is nogal belangrik om juis ook dit van post-moderniteit te sê. Dit is nie die een of ander bose ideologie wat van bo af op onskuldige mense afgedruk word of op 'n subtiele wyse mense wil verlei nie. Dit is eerder 'n *van onder af* benadering wat gewoon waarneem en beskryf.

Daarom is dit nodig om twee verskynsels uit die fisika vlugtig te beskryf waaruit ons sekere gevolgtrekkings kan trek wat vir die verstaan van die samelewing essensieel is. Die eerste is die verskynsel van *partikel en golf* (o a Deutsch 1997:38-43, Polkinghorne 1998:25-30). Die bekende *twee-gleuf* eksperiment het aangetoon dat lig én as partikels én as golwe waargeneem kan word, afhangende van die besluit van die waarnemer. Met ander woorde die waarnemer (= die wetenskaplike) stel sy eksperiment so op dat die verlangde resultaat vooruitgeloop word. Jy sien dus wat jy wil sien. Gevolgtrekkings is dus altyd waarde-gelade, oftewel subjektief. Ek sien die werklikheid dus deur my persoonlik gekleurde bril en geen twee mense sien ooit dieselfde nie. Maar dit beteken geensins dat die een waar en die ander vals is nie. Nee, elkeen – partikel én

golf – is waar, afhangende van die keuse van die subjek. Maar wat nou wel gesê kan word, is dat slegs één op ’n slag waargeneem kan word. Óf posisie óf momentum kan in een eksperiment bepaal word, maar nooit albei tegelyk nie.

Die tweede tersaaklike verskynsel uit die fisika is die *relatiwiteit van tyd*. Ons sien die werklikheid nie net deur ons eie oë nie, maar boonop is ons posisie ook vlietend. Alles is in beweging, ook ek. Ons sien die werklikheid vanuit die onbestendigheid van ’n mallemeule. As ek op die perron van ’n stasie sou staan en ’n trein kom verbygery terwyl twee mense in een van die waens tafeltennis sou staan en speel, ontvou die volgende interessante waarneming hom voor my (Hawking [1988] 1994:18). Omdat ek stilstaan en die trein beweeg, is die afstand wat die tafeltennisballetjie tussen twee houe beweeg, vir my aansienlik groter as vir die twee mense wat in die trein speel. Wanneer persoon A sy hou slaan, is die trein dalk by die begin van die perron en wanneer persoon B terugslaan, is die trein reeds aan die einde van die perron. Die afstand wat die balletjie met een hou getrek het, kan dus ’n honderd meter of meer wees! Sou ek egter in ’n motor langs die trein ry, sal die afstand wat die balletjie volgens my waarneming trek, meer gelyk wees aan die waarneming van die twee spelers self. Daarom het Einstein geformuleer dat tyd en ruimte in terme van die waarnemer altyd in verhouding met mekaar staan: hoe stadiger die tyd, hoe groter die afstand en omgekeerd (vgl Smuts [1926] 1987:26).

’n Mens kan hierdie waarheid ook verduidelik aan die hand van die metafoor van ’n geur wat in die lug hang. Graham Ward ([1997] 2000:xv) praat oor postmoderniteit juis ook in hierdie sin om die relatiwiteit daarvan te beskryf. In 2 Korintiërs 2:15 verwys Paulus na gelowiges wat soos ’n lewensgeur, soos wierook, in die wêreld is. Wanneer ’n vrou ’n sekere reukwater oorweeg, beoordeel sy dit nie bloot in die botteltjie nie, maar aan haar liggaam, want daar is die geur vir haar uniek en besonder. Subjek én objek harmonieer dan tot ’n nuwe geheel; reukwater ruik immers aan geen twee vrouens eners nie. Die aroma het ook nie grense nie, tog is dit op ’n bepaalde tyd en plek sterker. Binne hierdie dampkring is elkeen op haar unieke manier sowel aan die ontvang-kant as aan die gee-kant. Daarom sien ons die samelewing as ’n unieke organisme van ervaring en kreatiwiteit wat individue onderling verryk en ook gebruik.

## 2.2 Genealogie

Die verskil in premodernisme, modernisme en postmodernisme kan dalk juis gesien word aan die genealogie van veral *tyd* en *ruimte*. Aanvanklik is tyd siklies verstaan. Mense het dit aan die seisoene geyk en geweet wanneer dit saaityd en wanneer dit oestyd is, wanneer dit warm gaan wees en wanneer dit koud gaan wees. Dit het ook die grondslag vir die inrigting van die samelewing gevorm: wanneer verjaar iemand en wanneer word Kersfees gevier, wanneer word geplant en wanneer word geoes. Tyd was dus aan inhoud en ervaring geken. Maar dit het verander aan die begin van die sestiende eeu met die ontdekking van die veer wat die reëlmaat van die pendulum in staanhorlosies moontlik gemaak het. In Maart 1582 kondig Pous Gregorius XIII af dat die kalender daardie jaar van 4 na 15 Oktober sou "spring". Die dae van 5-14 Oktober sou eenvoudig net verdwyn. 'n Praktiese illustrasie daarvan dat tyd net bloot 'n merkie op 'n reguit lyn geword het – inhoudloos en abstrak. Dit het teweeg gebring dat tyd eventueel in 'n formule opgelos is: afstand gedeel deur snelheid. Tyd het nou nie meer 'n begin, einde of doel nie. Tyd het niks met ruimte te doen nie.

So het ruimte ook sy evolusie van verstaan deurgegaan. Ruimte het eers laat in die Middeleeue sy betekenis van die afstand tussen twee punte op 'n kontinuum gekry. Voorheen was dit suiwer allegories gesien as 'n organiese nis (baarmoeder) van elke bestaan. Euklides se wiskunde was die uitgangspunt vir die rasionalisme van Descartes se *Vertoog oor die Metode*. Op spoor van Kopernikus, Kepler en Galilei, kry ruimte in die 17e eeu die betekenis van 'n oneindige uitgebreidheid, leeg en sonder inhoud. Eintlik is dit 'n insig wat Aristoteles al gehad het met sy afleiding dat die essensie van ruimte en vorm slegs en alleen *uitgebreidheid* is omdat was byvoorbeeld kan stol tot 'n kers of kan smelt tot 'n vloeistof. Uitgebreidheid is dus die enigste konstante.

Met die tegnologie van die modernisme is hierdie verstaan van tyd en ruimte tot 'n uiterste gevoer. Die wêreldwye web (www) het ruimte gekonsentreer tot die vierkantige rekenaarskerm voor my. Tyd is suiwer as hier-en-nou opgeneem met my boonop aan die stuur van sake. Ek het as 't ware die heelal aan die punte van my vingers. Geen wonder nie dat Nietzsche se Zarathustra kon uitroep dat hierdie selfvoldane mense god doodgemaak het! Die *kuberwêreld* funksioneer as 'n kultuurmetafoor waardeur die klassieke definisies van veral tyd en ruimte grondig gedekonstrueer kan word. Dit sou

eers iemand soos Albert Einstein wees wat met sy Besondere Relatiwiteitsteorie van 1905, tyd en ruimte weer bymekaar kon bring en tyd as die vierde dimensie van ruimte verstaan het. Ek meen dit is ook wat "estetiese postmodernisme" impliseer wanneer Lyotard byvoorbeeld terugval op Kant se verstaan van die subliminale in sy derde "Kritiek": "The beautiful in nature is a question of the form of the object, and this consists in limitation, whereas the sublime is to be found in an object devoid of form ... [as] a representation of limitlessness, yet with super-added thought of its totality" (Boyne & Rattansi 1990:55).

Ons maak 'n fout as ons die postmoderniteit sien as die laaste van drie opeen-volgende periodes, so asof alles op 'n reguit kontinuum uitgepak kan word en ons ons nou in 'n volgende kompartement bevind (vgl Sedgwick 2001:269; Ward 1997:10-11). Nee, postmoderniteit wil nie tyd so verstaan nie, en wil ook voortdurend na die verlede teruggryp. Alvin Toffler (1980) gebruik daarom die metafoor van 'n "golf" omdat die dinamiek dan beter uitgedruk word en tipies aan 'n golf, dit ook voor- en nawerkinge het. Omdat postmodernisme die modernisme wil korrigeer en as 't ware wil hervorm (bv Lyotard), sou 'n woord soos "re-modernisme" – alhoewel swaar op die oor – dalk 'n meer toepaslike benaming kon wees. Eintlik is dit 'n protes, of minstens 'n reaksie, teen die modernisme wat 'n uiters onverkwiklike werklikheidsverstaan daargestel het (Boyne & Rattansi 1990:29).

### 2.3 Die eerste skeppingsverhaal

Dit is insiggewend om teen hierdie agtergrond, die eerste skeppingsverhaal met *postmoderne oë* te lees. Eintlik is Genesis 1 geskryf om die tyd en ruimte problematiek te beantwoord (o a Westermann 1974:130-170; 1986:23-24; Steck 1978:71-85). Juda is in 586 vC in ballingskap na Babilon weggevoer en daar moes hulle die spot van die Babiloniërs aanhoor dat hulle God nikswerd is nie – want, het die Babiloniërs gespot, wat het dan van Jerusalem geword? In Babilon is Marduk god. Boonop was die God van Israel volgens die spotters nie net plek gebonde nie, maar ook tyd gebonde, want, sê hulle, kyk net wat het in die jaar 586 gebeur! Julle tempel is afgebreek en julle verbondsark se inhoud is in Babilonië, het hulle gespot! Psalm 137 dra iets van hierdie

klimaat oor. Genesis 1 word gesien as antwoord hierop en is ’n loflied aan die God van Israel wat oral en altyd die ware God is.

Daarom begin die skeppingsverhaal met ’n tydsaanduiding: “In die begin ...” en eindig dit eweneens met ’n verwysing na tyd, “Dit dan is die geskiedenis ....” Binne hierdie raamwerk hoor ons deurgaans die refrein, “Dit was aand en dit was môre”, die soveelste dag. Let op die ritme en die sikliese gang van tyd in hierdie verhaal. Dit behels egter ook meer as dit. ’n Ander opvallende saak van die refrein, is dat dit na dag 7 ontbreek. Met ander woorde die rusdag word nie afgesluit met ’n nag nie, dit het dus ’n *oop einde*. Boonop roep dit om vervulling wanneer God nie net “besoek kom aflê” in die tuin nie, maar soos Openbaring 22 ook sê, hier sal kom *woon*. Bybelse tyd is genadetyd wat in vervulling moet gaan en is daarom juis *Messiaanse tyd*. ’n Mens kan die Bybelse tyd met sy sikliese gang wat liniêr om vervulling roep, daarom eerder soos ’n spiraal sien.

So is Genesis 1 ook ’n lied oor die ruimte (o a Moltmann 1985:155-159; Liedke 1983:119-130; Westermann 1986:23-24). Alles het ’n ekologiese nis: dag 4 se ligdraers vind hulle sin in dag 1 se lig; dag 5 se voëls en visse vind hulle omgewing in dag 2 se vertikale skeiding van die waters ter wille van lug; en dag 6 se diere en mens vind ’n bodem in dag 3 se horisontale skeiding van die waters ter wille van grond. Eintlik is die hele volgorde van die skeppingsverhaal soos kleiner-wordende konsentriese sirkels te verstaan: *die stratosfeer – die atmosfeer – die geosfeer – die litosfeer – die biosfeer*. Ruimte, volgens hierdie verhaal, is dus gevulde ruimte en het ’n doel: dit loop uit op dag 7 wanneer God en mens harmonieus saam is in die natuur (kyk Westermann 1978:77).

Ons het reeds daarop gesinspeel dat die wesenlike van die werklikheid eintlik *verhoudings* is. Werklikheid *is* nie, maar *word*. Drie onderlinge verhoudings wat evoluerend voortgaan, word in Genesis 1 aan ons geskilder as wesenlik van die samelewing: *mens, natuur* en *God*. Wanneer ons in Genesis 1:26-27 lees dat God die mens as sy beeld gemaak het, val die spel tussen meervoude en enkelvoude in die verse op (Moltmann 1985:240-247): “Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld [meervoud] ... God [enkelvoud] het die mens geskep [enkelvoud]... man en vrou het Hy hulle geskep [meervoud].” Die spel lyk dus soos volg: *meervoud – enkelvoud – enkelvoud – meervoud*. Anders gesê, ons beeldskap het intrinsiek sowel ’n enkelvoud as ’n meervoud. Ons moet dus tot die meervoudigheid van God kom. Karl Barth

(1970:208-209) het al die komma veroordeel in die sinsnede, “God het die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep”, want sê hy, die beeld van God is nie soseer die enkele mens nie, maar die van “man en vrou”; meervoud dus. Gregorius van Nazianze (329-389), byvoorbeeld, het selfs ’n tree verder gegee en gesê dat die beeld van God ook die kinders, met ander woorde die gesin, *Adam, Eva* én *Set*, insluit. Wat nou belangrik is, is dat die mens geskep is as ’n *meervoudige wese* wat soos uitkringende sirkels, na ander vorentoe uitreik. ’n Mens is ’n mens binne ’n netwerk van ander.

Ons verhouding met die natuur is ook baie lank verkeerd verstaan. Vers 28 se sinsnede, “onderwerp die aarde en heers daaroor”, is deur die eeue heen as ’n oop opdrag gesien om die natuur te eksploiteer en te verbruik. Dit is bekend dat Lynn White (1996:184-193) reeds in 1967 in die gesaghebbende tydskrif, *Science*, hierdie aanklag teen die Christendom geformuleer het op grond van die tradisionele uitleg van Genesis 1:28. Maar dit is glad nie wat hierdie woorde wil sê nie. “Onderwerp en heers” is ’n voedselgebod (o a Steck 1978:81; Liedke 1983:117, 131-132). Die volgende vers verduidelik dit: die diere eet alles wat groen is en die mens weer al die gewasse wat saad gee en vrugte lewer, met ander woorde álles wat *arbeid* nodig het, is die mens se kos. Hy moet wérk vir sy kos. ’n Ander refrein van Genesis 1 is die woorde, “so het dit gebeur”. Dit staan telkens presies in die middel van elke skeppingsdag, behalwe in dag 6 wanneer dier en mens geskep word. “So het dit gebeur”, is eintlik ’n leesteken wat as ’n dubbelpunt verstaan moet word (Liedke 1983:120). Eers skep God die materiaal, dan volg ’n dubbelpunt en dan maak Hy klaar. Maar wanneer hierdie sinsnede op dag 6 *aan die einde* staan, impliseer dit dus iets uitstaande. Dier en mens het ’n onafgehandelde verhouding! Hoor weer ’n keer die harmonie en die oop einde! Sou dit dalk in ’n mate vervul word met Noag se ark wanneer die mens die dier in sy sorg neem?

Ons verhouding met God is wel ’n gegewe, maar roep nietemin om voltooiing. Nie alleen is ons Godsbeeld nie, maar die harmonieuse saamwees met mekaar in die tuin op dag 7 wat sonder ’n nag eindig, vra na afhandeling en – sou ek nou graag wou byvoeg – in die nuwe Jerusalem waar God alles in almal sal wees.

## 3. DIE POSTMODERNE SAMELEWING

Dit het nodig geword dat ons hierdie insigte vir ons verstaan van die samelewing moet laat grond raak. Ons behoort nie van buite oor postmoderniteit en die samelewing te praat nie. Soos met 'n dans, moet ons dinamies vorentoe en agtertoe, van binne uit, ons subjektiewe waarneming en ervaring onder woorde kry. 'n Postmoderne samelewing sal aan die volgende geken word, waar die een soos 'n golf uit en oor 'n ander loop:

- **Dit is holisties**

  Die totale wêreld het eintlik maar 'n klein dorpie geword. Wat in die een land gebeur, het direkte uitwerking op haas elke ander land. Dit is soos die web van 'n spinnekop: pluk jy aan die een snaartjie, tril die totale spinnerak. Eintlik is ons almal wêreldburgers. Daarom tree die teologie ook weer opnuut met die natuurwetenskap in gesprek en kry die verbindingswoordjie "en" tussen geloof en rede nuwe aandag. Ons is immers almal met dieselfde werklikheid besig!

- **Dit is relasioneel**

  In onderlinge verhoudings eksisteer die mens. Nóg kan ek my isoleer van ander mense of ander dinge, nóg kan ek heeltemal opgaan in die massa. Dit is nie meer die *of-of* –verhouding wat geld nie, maar die *en-en*. Die verbinding tussen sake is wesenlik belangrik. Ek *het* nie soseer verhoudings nie, maar *is* verhoudings. Gedurende 'n skaakspel word 'n enkele stuk se waarde immers bepaal deur sy verhouding tot die ander stukke op die bord. Die woord "netwerk" word in die postmoderniteit 'n sleutelbegrip.

- **Dit is organies**

  Die postmoderne samelewing is soepel en buigbaar. Grense verskuif voortdurend en ankers setel lateraal in die netwerk en nie in die geskiedenis nie. 'n Bekende Franse filosoof (Deleuze 1987:viii) het daarom ook gesê ons moet aan die risoomvaring dink om die postmoderne samelewing te probeer verstaan. Dit groei bogronds, het nie 'n begin of einde nie, het nie reguit lyne nie en is in sy netwerk

horisontaal en nie vertikaal nie, geanker. Dit raak nie kant of wal nie – alles is middel.

- **Dit is inklusief**

  Hier dink ek veral aan die gemarginaliseerdes van die samelewing. Die Jode het ’n Paastradisie wat bepaal dat die seuns aan die gesin se etenstafel sekere vrae aan die pa moet vra waarop hy dan na aanleiding daarvan breedvoerig die geskiedenis van die uittog verhaal. Vier sulke vrae word deur die seuns gevra. Daar is ook ’n Joodse gelykenis van die sogenaamde “Vyfde Seun”, die een wat nie aan die tafel is nie, se vraag – die randmense van die gemeenskap. Daarom moet daar bewustelik ruimte gemaak word vir die *ander* (Levinas). Ek is nie my broer se hoeder nie, ek *is* my broer. Ek *is* wat ek is in en deur ander, leer ons uit die kwantumdans.

- **Dit is groen**

  ’n Planetêre bewussyn is uiters noodsaaklik in ons werklikheids-verstaan. Ons omgewing leen ons van ons nageslag. Daarom moet ons eko-sensitief wees in ons optredes, ons verbruik, ons afval. Ons solidariteit met die natuur is wesenlik vir hierdie werklikheidsverstaan. “Dink globaal en handel lokaal”, is vinnig besig om inslag te vind.

- **Dit is geestelik**

  Die werklikheid is soveel meer as wat bloot empiries waargeneem kan word. Sintuie kan nie die norm vir die werklikheid wees nie. Daarom kan die werklikheid ook toekomsgerig wees en word vrae na die sin van alles gevra. Die klimaat vir geloof is tans soveel gunstiger as die afgelope paar eeue toe alleen die mens se koue rede of sintuie geseëvier het.

- **Dit (h)erken verskille (*différance*)**

  Daar is eenheid in die verskeidenheid, het ons gesê, maar ook is daar verskeidenheid in die eenheid. Omdat alles relatief is, is ek geregtig op my

oortuigings en gun ek ander ook dieselfde. Tog mag ek die ander nooit van my losmaak nie, want ek is juis wat ek is vanweë ander (Marshall 1992:70-75). Daarom sal daar altyd naas die eko-nisse, ook sosio-nisse bestaan, ’n netwerk waarbinne ek myself kan wees. Die *partikel-golf* model help ons dus om onsself individueel én gemeenskaplik te sien, lokaal en globaal.

- **Dit is voortdurende keuses**
  Die wye verskeidenheid wat oop voor my lê, word enkelvoudig wanneer ek kies. Dit maak my die vroedvrou van my eie werklik-heid. Deur my keuse word die oop toekoms, gestolde geskiedenis. Ek besluit of ek posisie of momentum gaan waarneem, wel wetende dat die werklikheid altyd soveel meer is as wat ek sien.

- **Dit is vlottend**
  Alles skuif voortdurend, ook my posisie van waarneming. Die resente film van Richard Linklater, *Waking Life*, toon dit tegnies nogal treffend aan wanneer alle lyne voortdurend beweeg. Dit voel of die verfilming vanuit ’n bewegende voertuig plaasvind. Die subjek word gedesentraliseer en die “ek” word selfs as die *verspreide ek* verstaan.

Die uitdrukking “soort soek soort” kom van die Griekse filosoof, Aristoteles, wat dit die eerste geformuleer het in sy Nikomachiese Etiek. Die mens bly ’n kuddedier. Dit geld eweneens van die postmoderne verstaan van die samelewing. Kortweg beteken dit dat die “ek” ook kollektief funksioneer en wel in die sin dat ’n bepaalde groep as ’n versameling mense, sy eie identiteit en subjek vorm. Ek word gebore binne ’n groep, en soos in die geval van taal, word ek daardeur gevorm en geslyp. Soos wat ek ouer word, kan ek natuurlik ook die groep tot voordeel wees en dit het dan ’n bepaalde wisselwerking tot gevolg. Almal staan en bestaan in groepsverband. Wat reeds van die individuele subjek gesê is, geld ook van die kollektief, die groep. Die samelewing word saamgestel deur groepe soos in ’n mosaïekpatroon. Belangrik van hierdie groepe is dat dit *ad hoc* is en voortdurend skuif en wissel (Einstein se tyd-ruimte begrip). Nuwe keuses, nuwe toe- en uittreders, nuwe situasies, bring dit ónontkombaar teweeg. Daarom verg dit van ons om ook vinnig te ageer, te reageer en aan te pas. Die groep kyk daarom

ook eerder rondom as agtertoe en het soms min waardering vir tradisie net ter wille van tradisie. Gebruike sal daar altyd wees, maar dit sal organies uit elke kring ontvou, altyd soepel, altyd sensitief, altyd kreatief. En elke lid het ook volle deelname. Verby is die dae van hiërargiese en paternalistiese sisteme. Waardes word nie afgeforseer nie, maar behoort eerder geïnternaliseer te word. Konsensus word vervang deur die begrip *betrokkenheid* en die vraag is ook nie meer of iemand met my saamstem nie, maar eerder of ons met dieselfde saak besig is (Tanner 1997:57). In hierdie dans is elkeen betrokke, ja, ook elke kleintjie, gestremde, bejaarde, kind. In die voortdurende beweging maak ek voortdurend keuses en gee geboorte aan nuwe werklikhede. Nie deur isolasie nie, maar deur *deelname* word die energie van die Gees tot nuwe lewe opgewek.

## 4. TEOLOGIE EN SAMELEWING

Ten slotte kyk ons weer na die drie verhoudings van Genesis 1, maar nou nie deur Genesis 1 postmodern te lees nie, maar wel omgekeerd, om die samelewing deur Genesis 1 te laat vertolk.[3] Soos met 'n dans, moet ons vorentoe beweeg, omdraai én weer agtertoe beweeg. Daarom kyk ons nou weer na die samelewing vanuit bogenoemde drie verhoudings, maar vanuit Bybelse perspektief. Ons verhouding met *mense* plaas vir ons uit die staanspoor binne 'n bepaalde netwerk. Kruis- en dwarslyne bepaal ons posisie op die skaakbord van die lewe en nie soseer ons herkoms of geslag nie. En net so belangrik, ons moet keuses maak en onsself assosieer soos en waar ons wil. Dit gee ook aan ons 'n gevoel van selfstandigheid en ook van behoort. Daarom sal die gesin as kleiner organisme binne die groter geheel, altyd 'n noodsaaklike bousteen van die samelewing vorm. Die postmoderne mens het ook die skeiding tussen siel en liggaam oorkom, en dink nie aan liggaam en gees nie, maar lewe vanuit die *totale mens*. Daarom is 'n holistiese benadering tot die mens so belangrik, en word alternatiewe vorme van byvoorbeeld die geneeskunde met ywer nagevolg – akwaterapie, thalassoterapie, klankterapie, ioonterapie, aromaterapie en vele ander. Rykdom word ook lankal nie meer gemeet aan die stoflike nie, maar aan kwaliteit en sin. 'n Nuwe solidariteit met die omgewing kom dus tot stand. Boonop word met omgewing ook onmiddellike omgewing bedoel, en lees

[3] Die hermeneutiese uitgangspunt om die samelewing vanuit die Bybel te interpreteer word ook sterk deur die Postliberale teologie bepleit.

ons in die literatuur (o a Korten 2000:268-269; Sunter 1987:104-111) dat *plaaslike* ondersteuning van die allernoodsaaklikste belang is.

Dit bring ons reeds by ons verhouding met die *natuur* uit. Die mens is glad nie "heer en meester" van die natuur nie, maar veel eerder die rentmeester daarvan. Die sogenaamde "grusame snypunt" op die grafiek waar die *aanbod* van voedsel- en natuurlike hulpbronne deur die menslike *vraag* oorskry word, blyk maar nog net enkele dekades weg te wees. Die inpak van menslike verbruik op die omgewing moet dus tot die minimum beperk word. Dit is bereken deur die Verenigde Nasies dat een kind in die eerste wêreld se las op die omgewing ongeveer *dertig- tot vyftigvoudig* die van 'n kind in Afrika is (McFague 2001:88). Daarom word sake soos menslike aanwas saam met die uitputting van natuurlike hulpbronne, voedselvoorrade, industrialisasie en besoedeling as die ernstigste saak vir die ekologiese krisis beskou. In 1902 was Suid-Afrika se totale bevolking maar 'n skrale 5 miljoen en tans is dit heelwat meer as 40 miljoen, waarvan meer as 37% jonger as 15 jaar oud is. Volgens die Groenskrif van die Regering (1995:7) oor 'n bevolkingsbeleid, sal Suid-Afrika oor minder as 25 jaar reeds die 70 miljoen kerf in populasie verbysteek. Ander scenario's wil hê dat Suid-Afrika reeds in die jaar 2010 al 80 miljoen mense kan wees (Jordaan 1991:7). Dit vra inderdaad ernstige optrede – *anders dink en anders doen*.

Ons verhouding met *God* word ook anders uitgedruk in die postmoderne samelewing as in die verlede. In 'n verslag (Dekker *et al* 1997) wat in Nederland vrygestel is, word gemeld dat alhoewel die kerklike lidmaatskap daar drasties agteruitgaan (teen soveel as 1% p a), is daar wel 'n duidelike styging in godsdienstigheid onder die Nederlanders te bespeur. Die postmoderne omgewing is 'n uiters gunstige klimaat om verby sintuiglike waarneming te kom en te weet dat die werklikheid soveel meer en soveel groter is, dat daar ook 'n Ander is. Helfte (50%) van die buitekerklikes in Nederland beskou hulleself vandag as godsdienstig (Dekker *et al* 1997:41). Postmoderniteit beteken juis dat ek keuses (moet) maak en binne 'n bepaalde groep dan tereg kom – hoe vlottend ook al. Waar ons aanvanklik van bo af onder toe gedink het ("Ek glo aan God die Vader, die Almagtige, Skepper van hemel en aarde ..."), het ons later weer van onder af ervaar (Heidelbergse Kategismus se eerste vraag: "Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?"). Dalk moet die vertrekpunt eerder van *rondom* ons wees. Dit is ook die rede waarom daar deesdae baie meer van die Heilige Gees in die teologie gemaak

word as in die verlede. Niemand kan sê: "Jesus is die Here" nie, behalwe deur die Heilige Gees (1 Kor 12:3). Die Gees is die Bron van die lewe (Moltmann 1997). Kerk is daarom vir my die energie wat tussen mense tot stand kom, *vanweë die Gees van Christus*. Gregersen *et al* (2000:182) formuleer dit samevattend raak: "God's power to change minds is apparently not taking place in a disembodied setting, from soul tot soul, but in a specific bio-cultural embodiment."

## 5. SLOTSOM

Daar is 'n ou spreuk onder die Indiane wat lui: "O great Spirit, grant me that I won't criticize my brother until I have walked a hundred miles in his moccasins". Ons moet dus ons dansskoene[4] aantrek en *betrokke* oor ons onderwerp reflekteer. En eintlik kan dit ook nie anders nie as dat ons sal moet besef dat ons altyd maar subjektief is en dat ons perspektief voortdurend wissel. Maar ons hoef ook nie bang te wees dat ons onsself hierin sal verloor nie. (Wat is verlorenheid in elke geval?). Die kwantumdans verseker ruimte en tyd aan sowel die individu as die groep. Middelpuntvliedende kragte is weliswaar sterk – swaai maar 'n bietjie water in 'n oop emmer – en so is laterale verankering.

Maar wat is die werklikheid? Jean Baudrillard is daarvan oortuig dat die grens tussen werklikheid en beeld of metafoor, lankal opgehef is. Simulasies is nòg nabootsings nòg distorsies van die werklikheid, maar is die werklikheid sélf. Daar bestaan nie 'n "eintlike" werklikheid waaraan alles geyk kan word nie. Ons beleef dus die "death of the original and the end of representation" (Baudrillard 1983:136). Dit is 'n opwindende perspektief vir enige werklikheidsverstaan. Nie net omdat ek myself hierdeur binne 'n sekere netwerk ko-ordineer nie, maar ook omdat ek weet ek telkens weer mag en moet kies en dat my keuse so 'legitiem' is soos enige ander s'n. Ek mag daarom wees wat ek glo ek klaar in Christus is. En hierdie dinamiek van sin en toegevoegde waarde van die Christelike geloof aan mý lewe hier, hierdie *hiperrealiteit*, wil ek passievol dissemineer.

[4] Die Amerikaner, Fredric Jameson, vergelyk die skildery van die *The Peasant Shoes* van Vincent van Gogh as tiperend van modernisme wat duidelik 'n bepaalde sosio-ekonomiese bedding weerspieël, terwyl die *Diamond Dust Shoes* van Andy Warhol weer heel postmodern is omdat dit enigiets kan beteken en om interpretasie roep (Ward 1997:63-64).

## Literatuurverwysings

Baudrillard J 1983. *Simulations.* New York: Semiotext.

Barth K 1970. *Die Kirchliche Dogmatik,* 3/1. Zürich: EVZ.

Boyne R & Rattansi A 1990. *Postmodernism and society*. New York: St Martin's Press.

Dekker G et al 1997. *God in Nederland 1966-1996*. Amsterdam: Anthos.

Deleuze G 1987. *Dialogues.* New York: Columbia University.

Deutsch D 1997. *The fabric of reality*. London: Penguin Books.

Gregersen N H et al 2000. *The human person in science and theology.* Edenburgh: T&T Clark.

Hawking S [1988] 1994. *A brief history of time*. London: Bantom Books.

Jordaan J 1991. *Bevolkingsgroei – ons tydbom.* Pretoria: Van Schaik.

Korten D 2000. *The postcorporate world*. San Francisco: Berret-Koehler.

Marshall B 1992. *Teaching the postmodern*. New York: Routledge.

McFague S 2001. *Life Abundant.* Minneapolis: Fortress.

Ministry for Welfare and Population Development 1995. *A Green Paper for public discussion: population policy for South Africa?* Pretoria: Promedia.

Moltmann J 1985. *Gott in der Schöpfung*. München: Chr. Kaiser.

Moltmann J 1997. *The source of life*. London: SCM.

Omnès R 1999. *Quantum philospohy.* Princeton: Princeton University Press.

Polkinghorne J 1998. *Science & theology.* London: SPCK.

Sedgwick P 2001. *Descartes to Derrida.* London: Blackwell.

Scheepers R 1998. *Koos Prinsloo: Die skrywer en sy geskryfdes*. Kaapstad: Tafelberg.

Smuts J [1926] 1987. *Holism and evolution*. Cape Town: N&S.

Steck O H 1978. *Welt und Umwelt*. Stuttgart: Kohlhammer. (Biblische Konfrontationen 1006.)

Sunter C 1987. *The world and South Africa in the 1990s.* Cape Town: Tafelberg.

Tanner K 1997. *Theories of culture*. Minneapolis: Fortress Press.

Toffler A 1980. *The Third Wave*. London: William Collins Sons & Co.

Ward G 1997. *Postmodernism*. London: Hodder Headline Plc.

Ward G [1997] 2000. *The postmodern God: A theological reader.* Oxford: Blackwell.

Westermann C 1974. *Genesis, Teilband 1: Genesis 1-11*. Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag.

Westermann C 1978. *Theologie des Alten Testaments in Grundzügen.* Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht. (ATD 6.)

Westermann C 1986. *Genesis, 1*. Kampen: Kok.

White L 1996. The historical roots of our ecological crisis, in Gottlieb R (ed), *This sacred earth*, 184-193. New York: Routledge..

Zohar D & Marshall I 1993. *The quantum society*. London: HarperCollins.